

Noordelike sinode

VERSLAG: TAAKSPAN BELEGGINGS

Sinodesitting 16 tot 20 Oktober 2022

1. SAMESTELLING EN BELEID

Taakspanlede

Paulus Burger, Paul Grobler (taakspanleier), Johan Kruger, George Malan, Roelf van der Berg.

1.1 Inleiding

Die behoefte van die Noordelike Sinode is die optimalisering van beleggingsopbrengs, binne 'n laerisiko-omgewing. Risiko word gesien as die moontlikheid aan kapitaalverlies, maar ook die moontlikheid om te onderpresteer t.o.v. opbrengs.

Die begroting word gefinansier uit hoofsaaklik twee bronne, naamlik sinodale bydraes en die opbrengs op reserwes (nadat verseker is dat die opbrengs op die Stabilisasiefonds ten minste die uitgawe t.o.v. die mediese subsidies vir emeriti kan betaal).

Daar word berekend risiko geneem om opbrengs te optimaliseer. Risiko behels nie slegs die die moontlikheid van kapitaalverlies nie, maar ook die risiko van die nie-optimalisering van opbrengs. Die Taakspan Beleggings maak gebruik van 'n beleggingsadviseur, wat deur die volle taakspan aangestel en gemonitor word vir die bestuur van 'n mark-gediversifiseerde beleggingsportefeulje.

1.2 Doel

Die behoefte van die Noordelike Sinode is die optimalisering van beleggingsopbrengs binne 'n laerisiko-omgewing. Risiko word gesien as die moontlikheid aan kapitaalverlies, maar ook die moontlikheid om wesenlik te onderpresteer t.o.v. opbrengs.

1.3 Beleggingsreëls

- Dit is die beleid van die SDR om nie meer as 30% van fondse in instrumente te belê waar kapitaalverlies 'n moontlikheid is nie.

- Daar word gebruik gemaak van 'n beleggingsadviseur(s) wat van tyd tot tyd deur die Taakspan Beleggings aangewys word.
- Die minimum opbrengsdoelwit vir beleggings is 3 persentasiepunte bo die inflasiekoers vir die ooreenstemmende boekjaar.

1.3.1 Beleggingskategorieë

Die beleggingsfondse word in 4 kategorieë verdeel:

- Bankrekening

Die saldo in die Nedbank lopende rekening word so laag moontlik gehou. Die buffer wat benodig word vir die daaglikse bestuur van die administrasie en bedryf (bv. betaling van salarisse)

- Geldmarkrekening

Surplusfondse word belê in 'n Investec 'daggeld' rekening, gekoppel aan rentekoerse in die geldmark, en is beskikbaar binne 24 uur. Hierdie fondse mag gebruik word vir bestuur van kontantvloei-behoefes. Die direkteur keur onttrekkings goed op aanbeveling van die saakgelastigde. Dit is noodsaaklik dat hierdie fondse hul kapitaalwaarde behou, gegewe die relatiewe kort periode waarbinne dit benodig mag word. 'n Geldmarkfonds sal aan hierdie behoeftes voldoen, omdat die kapitaalwaarde gewaarborg is. Aan die begin van die finansiële jaar sal 'n bedrag gelykstaande aan die kapitaalbegroting in die geldmarkfonds belê word. Enige addisionele fondse sal aangewend of na die Aandelefonds geskuif word.

- Termyn depositos

Sluit in drie- tot vyfjaar depositos en promesses met 'n gewaarborgde rentekoers.

- Aandeleportefeulje (langer termyn: 3 jaar+)

Die balans van die fondse val in hierdie kategorie en sluit die beleggings in wat vir 'n langer termyn belê kan word. Hierdie fondse kan dus belê word om die hoogste moontlike opbrengs te verdien. Kapitaalstabiliteit is nie van uitermate belang vir hierdie fondse nie, aangesien dit vir die langer termyn belê word en aan die fluktuasies van markte blootgestel kan word.

1.4 Besluitneming

1.4.1 Rentedraende beleggings

Suiwer rentedraende beleggings (bv. spaar- of geldmark rekening of vaste deposito) word gemaak deur die direkteur en saakgelastigde en die mees voordelige rentekoers word beding. Termyne vir hierdie belegging word deur die direkteur en saakgelastigde bepaal, in die lig van kontantvloei vereistes en rentekoers neigings.

Nota: Erkende banke of bouverenigings word geïnterpreteer as banke wat ingevolge die Bankwet (94 van 1990), of onderlinge banke wat ingevolge die Wet op onderlinge banke (124 van 1993) geregistreer is.

1.4.2 Ander beleggings

Ander beleggings word soos volg gehanteer:

- Andelemark portefeulje

Wysiging aan die mandaat vir belegging in die markportefeulje (bv. genoteerde aandele, effektetrusts en beursverhandelde fondse, met of sonder kapitaal-waarborg) moet deur die Taakspan Beleggings goedgekeur word.

Aanbevelings van die adviseur word vooraf aan die Taakspan Beleggings voorgelê sodat genoeg tyd beskikbaar is om navorsing te doen.

- Belegging in vaste eiendom

Belegging in vaste eiendom word deur die SDR goedgekeur, op aanbeveling van die moderatuur.

1.5 Algemeen

- Die Taakspan ontvang ten minste kwartaalliks elektronies verslag van die beleggingsadviseur. Verslag word gedoen in terme van die ooreengekome norm ('benchmark') nl. die gemiddelde daggeldkoers, korttermyn vaste rentekoers [STeFI] en die gemiddelde opbrengs vir die tipe fondse vir aandeelbeleggings, sodat die prestasie van die belegging relatief tot die mark beoordeel kan word.

Die adviseur word van tyd tot tyd versoek om die vergadering van die Taakspan by te woon en persoonlik verslag te doen, aanbevelings te maak in die lig van tendense en vrae van die lede van die Taakspan te beantwoord.

1.5 Totale Beleggings

- Die beleggingsbedrag het op 28 Februarie 2017 R39 666 507 beloop en op 28 Februarie 2022 R39 340 021.
- Daar was op 28 Februarie 2022 ook 'n bedrag van R1 384 457 (hoofsaaklik rentvry) uitgeleen aan gemeentes om die koste van bankrente te verlig.